

Pretoria- 6 Mei 2012; Waterkloof 6 Mei 2012

Skriflesing: Josua 6 en 1 Konings 16:29-34

Teks: **1 Konings 16:34**

Sing- Ps. 122:1; Ps. 119:26 (Ps. 25:5); Ps. 73:11; Ps. 48:5 (Ps. 18:14)

Broeder en suster, die laaste Algemene Sinode wat aan die begin van die jaar plaasgevind het, was daar 'n groot saak uitgemaak vir 'n omkeerstrategie wat in ons kerke moet plaasvind. Omkeerstrategie wat sekerlik impliseer dat daar in ons kerke iets van 'n besondere bouwerk moet plaasvind. Bouwerk is in alle opsigte belangrik. Om te bou is om te lewe. In 1 Petrus 2:5 word daar vir die gelowige gesê – *laat julle ook soos lewende stene opbou tot 'n geestelike huis...* Wanneer goeie bouwerk ter sprake kom, kan dit alleen goed wees as God se wil eerste gestel word. Goeie bouwerk vind volgens God se wil plaas. In die verlange dat sake in die kerkverband anders ná gekyk moet word, die strewe na 'n omkeerstrategie sal die verskil tussen goeie bouwerk en slegte bouwerk baie duidelik onderskei moet word.

In die Here se Woord is nie alle bouwerk noodwendig altyd goeie bouwerk nie. Daar kom die tye en geleenthede wat 'n mens se herbou, die herbouwerk werklik slegte werk kan wees, al dink die mens dat dit goed is. Self uitgedinkte, mensgemaakte bouwerk en strategieë sal nie deug nie.

In wat ons vandag hier uit die Woord van die Here gelees het, is daar die ánder kant van die saak. Hoe daar van die kant van God na 'n man soos Hiël se bouwerk gekyk moes word. 'n Afgebreekte Jerigo wys 'n groter deel van God se eer as 'n opgeboude Jerigo. Die afgebreekte, die stukkende stad wat nie opgebou mag word nie. Die kind van God was daar met opbou besig deur nie met enige opbou daar besig te wees nie. Dit kan ook gebeur!

Ons teksverse verhaal die gevaarlike opbou wat daar toe wel plaasgevind het. Die krakende mure van Jerigo soos hulle daar ineengestort puinhope gevorm het, is daar uit die rommel 'n openbaring dat hierdie stukkende mure is God se mure. Hierdie stukkende mure laat die mens wat daar verbyloop dit uitroep, God is groot. Kyk wat het Hy aan hierdie mure gedoen. Die God wat almagtig is, Hy het hulle gebreek. Daar is dié dinge wat nie opgebou mag word nie.

Die mens wat bou om in sy bouwerk die grote God iets van die mens te wil wys moet besef as God nie bou nie, dan moet ek nie bou nie. Dan moet God eerder om Christus ontwil vinniger afbreek as wat ons dink om op te bou. Daar is die gevalle en die tye wat ons moet erken afbreek is nie noodwendig iets wat God nie welgeval nie. Jerigo se afgebreekte mure

Pretoria- 6 Mei 2012; Waterkloof 6 Mei 2012

was vir God baie beter as sy opgeboude mure, Die mens wat daar wou bou is met die bouers van die toring van Babel in gemeen. Om met die Babel bouers op dieselfde stellasië te klouter kan 'n uiters gevaarlike onderneming wees.

Jerigo, die stad daar diep in die Ou Testament, diep in die ou tye uitgegrawe, 'n stad waar die naam Jerigo die mooi betekenis dra van welriekend. Vir God was dit nie welriekend nie. Intendeel Jerigo was geleë as 'n soort van 'n waghond tussen die Tien-stamme ryk en die Twee-stamme ryk.

As daar met die groot feeste na Jerusalem opgetrek sou word, of daar waar die Israeliet uit die Tien Stamme se hart in verlange na Jerusalem trek, op só 'n pelgrimstog moes daar eers by Jerigo verbygetrek word. Jerigo wat nie op die mens se manier opgebou mag word nie, maar op God se manier het Jerigo uit sy puinhope God se koninkryk verkondig. Uit die puinhope straal God se heerlikheid. Stukkende vervalde toegegroeide mure wat vir die mens sou sê – God is sterk, moenie sterker as God wil wees nie. Moet hierdie mure nie opbou nie, want God wil hulle nie opgebou hê nie.

Nou het ons gelees hoe die mens dit heeltemal anders na wou kyk. In die tyd van Agab, ja die naam Agab laat ons beseef dit was 'n verkeerde tyd. In Agab se tyd, dié Agab wat Nabot se wingerd syne wou maak, Agab het heeltyd mense wat met hom saamwerk. Gevaarlike bondgenote, so 'n bondgenoot was Hiël. Iemand wat aan die naam vry messelaar 'n betekenis van sy eie begin gee. Hiël wil sy troffel en stene vrylaat, vrylik wil hy begin messel, gevaarlike “vrymesselary” wat by God steel. Hoekom? Josua het by die intog God se eer op hierdie gebreekte klippe en stukkende mure neergelê.

In Josua 6 staan God se eer uitgeskrywe- *Vervloek is die man voor die aangesig van die HERE wat sal opstaan om hierdie stad Jérigo op te bou: ten koste van sy eersgeborene sal hy sy fondament lê, en ten koste van sy jongste sal hy sy poorte insit.* Dit wat God se oorwinning uitspel, moes die Israeliet in sy verbygaan na Jerigo op pad Jerusalem toe, elke keer tot stilstand ruk. Kyk só groot en sterk, mooi en stewig die mens hierdie stad gebou het, die mens se welriekende stad was vir God dié onwelriekende, die Baäl stad. Agter sy mure was daar net 'n enkele vrou, alles behalwe 'n goeie vrou, vir wie God haar en háár mense uit die stad bevry het. Deel van die bevryding was die afbreek, die geluid wat met die geluid

Pretoria- 6 Mei 2012; Waterkloof 6 Mei 2012

van God se Woord saamgaan, die geluid op die geblaas van die horings en die krygsgeskreeu het hierdie stad in sy fondasies omgekeer. Dit was God se omkeerstrategie. God het sy eer in die omgekeerde laat teken, laat die stad omgekeer bly, dan word die mens herinner om nie sy

eie omkeerstrategie te vertrou nie.

Die verskil tussen selfvertroue en Godsvertroue het soos 'n oopplan voor die mens moes oopvou. Om elke keer hierdie oopgebreekte stad, stukkende stad te aanskou, wat vir die sondige mens alles behalwe mooi was, was eintlik die mooie dat die mens moet weet hoe God Self planne maak, hoe God Self ingryp, hoe God Self die stukkende in die lewens van mense soos 'n oorwinnings trofee langs die koninkryk mure kom ophang

Dit het Hiël wou verander. Hy wil bou maar in sy bouwerk gebeur daar eintlik iets verskriklik. Ja, 'n verskriklike sonde is dit! Hy wat 'n stad uit die grond uit wil opbou maar met sy hoë mure en vestings poorte bedek hy die eer van God. Die glorieryke oorwinning wat die Here daar laat uitstaan, word toegemessel. 'n Mense strategie wat die glorie van God se strategie wil wegvee.

Wat het dit Hiël gekos? Broeder en suster, laat hierdie lidmaat uit die Ou Testament die gevaar van menslike bouplanne en menslike beredeneringe en menslike strategieë ons wys. Die gevaar van as mense met hulle eie uitgedinkte versoening dink dat God daarmee vrede sal hê. Hiël sou weet die woorde van Josua dat hier nie gebou mag word nie. Hy het beslis nie onwetend hier aan die bou gegaan nie! Hy het gemeen dat God die offers wat die mens bring van groter waarde sal ag as wat die mens se gehoorsaamheid vir God beteken. Daarom dat Hiël se offers hier staan- *ten koste van Abíram, sy eersgeborene, het hy sy fondament gelê, en ten koste van Segub, sy jongste, sy poorte opgerig...*

Hier het nie maar een of ander ongeluk op die bouperseel plaasgevind, of as u wil dat hier twee ongelukke was en elke keer het een van Hiël se seuns onder 'n groot klip beland en met sy lewe betaal nie. Sulke ongelukke gebeur wel maar hier is dit nie ongelukke nie. Hier gebeur iets verskriklik. Die pa is met offers besig wat die heidene hom laat glo dat hulle gode is verskriklike tiranne. Die gode moet gekalmeer word. Daar moet versoening wees daarom die mens wat offer, maar hy offer hom nie self nie. Só min soos hyself aan die ware

Pretoria- 6 Mei 2012; Waterkloof 6 Mei 2012

God gehoorsaam is, so min sal hy homself offer. Hy glo wel ek moet die ander gode beïndruk, daarom dat dié die naaste aan sy hart, sy kinders ter sprake kom.

Dit is dan wat hier gebeur. Toe Hiël die fondament van die stad neersit, het hy sy kind daaronder gesit. Waarskynlik sy lewendige kind die fondament op hom gelê en later nog weer óp Segub die poort opgerig. Dit is wat Hiël dink, die gode vereis dit, die nuwe stad vra dit. Hiël wat Jerigo 'n nuwe Jerigo wil maak, hy messel sy kinders die fundamente en poorte in! Sulke bou-offers was op die manier hoe die heidene dit gedoen het, nie ongewoon nie. Nou raak hierdie bouwerk eintlik al hoe meer skokkend. Die feit dat hier nooit mag gebou word nie, dit is waar dit alles al verkeerd loop. Wie in ongehoorsaamheid aan God begin, die een se langdurige ongehoorsaamheid trek die verdere kwaad soos 'n magneet na die eerste kwaad.

Die ergste is Hiël dink dat God sulke offers eis. Die ware God word 'n wrede afgod van gemaak. Sy dierbaarstes, sy seuns word lewendig versteen, lewendig ingebou, lewendig weggelê. Wanneer hierdie optrede van Hiël ons met afgryse vervul, dink u in met watter afgryse het God daarna moes kyk. Nie omdat die wreedheid van Hiël die eerste sou wees wat God met afgryse daarna laat kyk nie, maar die mens se vermetelheid.

Dit wat u seker reeds aan dink, hoe die ware God sy Dierbaarste, sy Eniggebore Seun vir ons moes offer. Hiël draai onheilig die dinge om! Die mens wil so graag die planmaker wees, so graag dink die mens my werk moet God aan die werk sit. Laat ons dit goed besef- Die versoening wat daar vir ons met God kon wees is nie die versoening wat die mens kon bewerk nier. Dit moes van God kom en dit het gekom, Hy wat God se Seun is, Hy het betaal. Wat dink Hiël dat hy doen wat hy doen. 'n Gewone mens, 'n sondaarmens wat ons almal is, die mens wat met selfgemaakte versoening, 'n soort van 'n mensgemaakte uitgedinkte verlossingsplan God wil omkeer.

Hiël se tweede sonde word die straf op sy eerste. So straf sondes dikwels mekaar! Sy seuns is nou weg, wat het in daardie huis oorgebly waarvan die pa die stad se mure wou bou. Dit is God wat soewerein elke sonde kan straf maar die straf op die sonde bring die sondes al nader ná mekaar, dat ons soos in die geval van Hiël besef hoe die sondes mekaar begin straf. Hiël se doodgemaakte seuns word die straf vir die stad wat nie opgebou mag word nie. Elke

Pretoria- 6 Mei 2012; Waterkloof 6 Mei 2012

sonde, aangebore sowel as die daaglikse sondes, dit wat ek dink om my met God te versoen, op 'n wyse word dit met my eie versoeningspoging gestraf, wat ook sonde is!

Hiël se offer word sy straf. Is dit nie wat God van die begin af deur Josua gesê het wat gaan gebeur nie. *Ten koste van...* gebeur al hierdie dinge... Ten koste van mense, ten koste van sy gesin, ten koste van die stad, dit wat Hy doen om ten koste van God homself die bouer en versoener te maak, wat die mens uit homself/haarself nie kan wees nie. Dan word my eie versoeningspoging my straf.

En dit is wat ons in die sg. omkeerstrategie onself by moet bring. Eiewilligheid is iets wat ons só gedurig téén moet waak. As ons dit met eie krag, eie insig, eie vermoëns wil werk, dan kan ons eie pogings ons straf word. Hierin skuil waarlik die gevaar van dit wat mense deesdae noem "*the emerging churches*" - die ontluikende kerke, wat hulleself nie as kerkgenootskap sien nie, maar tog die ontluiking word as besonders gesien, as sendingbeweging wat die evangelie aan postmoderne mense wil bring. So stel hulle hulself bekend. 'n Ander boek wat nou baie aandag trek- "*Embers to a flame*" – kole tot 'n vlam is sekerlik belangrik. Die gevaar dat die mens dink hy as mens moet die kool tot die vlam voeg om van die vlam 'n sukses te maak sal hom/haar weer moet bedink. Dit is 'n ou metodistiese gevaar as die mens dink hy as mens gee die kool wat God se vuur laat brand.

Nee, laat ons weer selfondersoek doen, my eie pogings kan my straf word. Dan hoor ek my dood aan God se Woord, ek werk my dood aan God se kerk, ek eet my dood aan God se brood, terwyl dit juis nie so moet wees. Dié self in selfverlossing, self bou, self die omkeerstrategie laat uitwerk...

Broeder en suster, om nou te dink ons strategie sal God nou ook anders na ons as Sy kerk laat kyk moet nie ons vertrekpunt wees nie. Ons vertrekpunt moet wees, gehoorsaamheid aan God. Dan is ons gehoorsaam aan Jesus Christus en ons bou op Hom wat reeds as eeue oue...née Hy, Jesus Christus alleen is die ewige fondament wat sy kerk op Hom laat rus. In Hom, deur Hom, tot Hom is alle dinge, keer in Hom om, dis bekering, die ware omkeer, wat geen strategie is nie, maar net genade

Dan ontdek ons dat wat God vir Jerigo gesê het, is eintlik wat met die stad in ons moet gebeur. Is dit nie hoe dit in ons lewens moet wees nie. Dit wat eers in jou en my afgebreek

Pretoria- 6 Mei 2012; Waterkloof 6 Mei 2012

moet word, dit wat binne-ons soos puinhope moet kom lê dat God hierdie ruïnes wat so langs my lewenspad opgestapel lê, sy oorwinnaarskroon maak. God oorwin die stad van sonde in ons!

Wat bly van my oor as God met my klaar is. Wat word van ons verwag? Nie 'n self verlossingsplan... "embers to a flame" wat ek moet verskaf nie, want dan word Christus nie eerste gestel nie. Terwyl dit alleen net Jesus Christus kan wees wat werklik verlos. Mag die Here se Woord deur sy Heilige Gees, my bouwerke, my Jerigo tuimelend inmekaar laat sak krakend hierdie sondige bouwerk afbreek.

Mag ek nie weer wil opbou dit wat God afgebreek het nie. Hiël wat sommer die troffel opneem en wil bou op die puinhope wat God agtergelaat het. Sulke verskriklike bouwerk, watter prys het sy seuns moes betaal, terwyl daar net Één is, net Een wat waarlik kon betaal. Hy wat ons laat besef, alles, alles is net genade. Sy dood, Sy lewe is wat Hy ons wil gee. Hiël se seuns se geraamtes lê tussen klippe, maar God se Seun lewe... Selfs dat hierdie God nog met ons aanhou, is ook net genade. Die puinhope langs ons lewenspad is in der waarheid ook "genade hope" wanneer ons God daarby ontmoet! God se kole is reeds by God se vuur want die Woord en die Heilige Gees brand dan in u lewe.

AMEN